View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Crossref



# DIE PENDULUM SWAAI TERUG - ENKELE OPMERKINGE OOR METODES VAN SKRIFINTERPRETASIE

H.J.B Combrink

Vir iemand wat hom besig hou met die studie van die Teologie, moet dit duidelik wees dat ook in die teologiese wetenskap dikwels sprake is van aksie en reaksie, van een uiterste wat aanleiding gee tot 'n ander uiterste. Selfs in die prediking is dit natuurlik waar dat dit by geleentheid nodig kan wees om een faset van dit wat God deur sy Woord vir ons te sê het so sterk te beklemtoon dat mens gevaar loop om byna eensydig te word. Maar omdat die volle raad van God aan die gemeente bedien moet word, sal die ander fasette tog ook weer by geleentheid in die prediking aan die orde moet kom.

Dit is 'n positiewe teken dat in ons eie geledere soveel aandag aan eksegetiese metodes en hermeneutiek gewy word. In een van die eerste uitgawes van hierdie tydskrif is daar ook reeds artikels hieraan gewy.[1) ]Wat egter besonder verblydend is, is die feit dat daar in ons midde tog ook al iets van 'n interne diskussie aan die ontwikkel is oor hierdie sake.[2)] In hierdie verband behoort sekerlik ook verwys te word na die belangrike stimulus en forum wat vir hierdie diskussie gebied word deur veral die Ou-, Nuwe-Testamentiese en Dogmatologiese Werkgemeenskappe.

Die besinning en diskussie hier plaaslik moet natuurlik in die konteks van die diskussie op internasionale vlak beskou word.[3)] Dit is natuurlik ou nuus dat daar reeds vir 'n geruime tyd steeds skerper vrae aan die gangbare histories-kritiese benadering tot die Skrif gestel word. Die interessante is egter dat hierdie kritiese vrae nie alleen vanuit fundamentalistiese kringe kom nie, maar dat ook in die kring van die beoefenaars van die historiese-kritiek self 'n gevoel van onbehae te bespeur is.[4)] Niemand sal die waardevolle winspunte van deeglike historiese navorsing ontken nie, maar gaandeweg het die frustrasie opgebou oor die sogenaamde "Mikrologie" waarin bladsye en bladsye oor 'n enkele

vers geskryf kan word, sonder om werklik die samehang en betekenis van die geheel te verklaar.[5] Dit is dan ook nie verniet dat dit juis rondom die praktiese aanwending van die eksegese met die oog op die prediking is, wat skerp kritiek na vore kom op die konkrete resultate van die historiese kritiek. Vergelyk die skerp slotsom van R. Bohren in verband met 2 resente kommentare: "Warum haben die Exegeten nicht den Mut, ihre Methoden in Frage stellen zu lassen? Warum suchen sie nicht nach neue Wegen der Auslegung?"[6]

Wanneer daar nou aandag gevra word vir die terugswaai van die pendulum ten opsigte van eksegetiese metodes, kan in die verbygaan daarop gewys word dat ook op ander terreine van Nuwe-Testamentiese navorsing daar 'n dergelike interessante reaksie-beweging bemerk kan word. Vanselfsprekend is daar nog nie noodwendig van 'n nuwe konsensus sprake nie. Om maar net op enkele voorbeelde te wys is dit tog belangrik om daarop te let dat J.A.T. Robinson met sy <u>Redating the New Testament</u>[7] die ontstaanstyd van al die Nuwe-Testamentiese geskrifte stel tussen ongeveer 47 n.C tot net voor 70 n.C. Waar hy taamlik skerp ingaan teen gevestigde opvattinge, is dit nie vreemd dat daar geen oorweldigende instemming met sy standpunte betuig is nie. Tog het iemand van die formaat van Earle Ellis reeds gepleit vir 'n ernstiger oorweging van Robinson se prikkelende standpunte.[8] Nog 'n faset van die inleidingswetenskap waar die pendulum begin terugswaai, is die herlewing van die sogenaamde "Griesbach-hipotese".[9] Hiervolgens word weer gestel dat nié Markus nie, maar Matteus chronologies as die eerste evangelie beskou moet word. Ofskoon ook hierdie reaksie nog geen nuwe konsensus geword het nie, het dit navorsing op hierdie gebied tog op 'n vrugbare wyse gestimuleer.

'n Ander interessante swaai van die pendulum - belangrik met die oog op die prediking - geld die vertolking van gelykenisse. Die navorsing op hierdie terrein is besonder interessant en stimulerend. Hier gaan dit nou egter net om één aspek, naamlik die besondere klem wat so lank op die belang van die <u>tertium comparationis</u>, die derde punt van die vergelyking, gelê is. Hierdie belangrike insig wat deur Jülicher na vore gebring is, met sy volstrekte onderskeiding tussen gelykenis en allegorie, het egter in die loop van die tyd byna 'n dogma geword. Hoewel

Dodd op ander punte ingrypend van Jülicher afgewyk het, het sy invloed op hierdie punt steeds bly geld. Tog swaai die pendulum ook hier weer terug. Reeds Jeremias wys daarop dat die Joodse masjaal in Jesus se tyd sowel 'n "gelykenis" as "allegorie" kon aandui.[10] Maar die effek van Jülicher, Dodd en Jeremias was tog dat allegorieë en eksempelverhale as vreemd aan Jesus, en as spore van die latere kerklike bewerking van die gelykenisse ervaar is.[11] Vandag word steeds meer besef hoe waardevol dit is om gelykenisse as metafore te neem, en dat Jülicher se koppeling van metafoor en allegorie foutief was.[12] Daar moet dus met 'n groter verskeidenheid vorme onder die gelykenisse rekening gehou word. Sonder om die willekeurige allegoriese interpretasie van die gelykenisse van vroeër hoegenaamd weer in ere te herstel, word vandag besef dat onderskei moet word tussen 'n allegorie, soos in die teks aanwesig kan wees, en allegoriese interpretasie deur die verteller wat verborge betekenisse toeken aan 'n verhaal wat in stryd is met die gesigspunt van die teks self. Indien Jesus gelykenisse met meer as een punt van vergelyking vertel het, is dit nog nie (ongeoorloofde) allegoriese interpretasie wanneer 'n mens deur die teks self daartoe gebring word om dit raak te sien en te erken nie.[13]

Wanneer nou teruggekeer word na die gevoel van onbehae oor die historiese kritiek, moet natuurlik onthou word dat die dialektiese teologie van Barth asook Bultmann se eksistensiale interpretasie van die Skrif beide 'n reaksie op die historisme van die klassieke liberale teologie van die einde van die vorige eeu was. En ofskoon Barth wel formeel nog die waarde van die historiese kritiek toegegee het, is dit in die praktyk (gelukkig?) meestal deur sy teologiese eksegese oorspeel. Bultmann se bekende dialektiek tussen Historie en Geschichte het meegebring dat 'n mens histories van Jesus in elk geval weinig meer kan sê as die blote Dass van sy bestaan.[14] Hoewel die voorstaander van die Nuwe Hermeneutiek in hierdie opsig tog "meer" van die historiese Jesus te wete kon en moes kom, het hulle nie werklik aan die historisme ontsnap nie. Die abstrakte subjektivering van die mens in die eksistensialisme is die noodwendige teenpool van die objektiveerbare historiese feite waarmee die historiese kritiek werk.[15] In 'n poging om van een eensydigheid weg te kom, is weer in 'n ander verval. Hoewel die Nuwe Hermeneutiek

sonder twyfel waarheidsmomente van blywende waarde bevat deur sterk klem te lê op die verkondigde Woord wat weer tot woordgebeure moet word wat die mens as gewete aanspreek, kom die hele teks nog steeds nie hier volledig aan die woord nie.

N. Petersen het aangetoon dat die historiese kritiek berus op 'n ewolusionêre of genetiese model.[16)] Hiervolgens is daar preliterêre tradisies wat deur verskillende stadia heen ontwikkel met as drywende krag die vorm en inhoud van die kerugmatiese tradisies, wonderverhale, woorde van Jesus ens., wat dan aangepas word aan die godsdienstige gemeenskap vir wie dit bestem is. Die analitiese proses verloop nou omgekeerd aan die teorie vanaf die finale teks terug na die preliterêre tradisies en uiteindelik die gebeure self. Soos bekend het dit gelei tot die soeke na die oudste bronne (soos Markus en Q) want een van die basiese beginsels is juis om na die vroegste bronne te soek as die beste getuies van die gebeure waarna in die teks verwys word. Die effek hiervan was dat literêre kritiek (literary criticism), wat uiteraard as teologiese deel-dissipline vroeër in die verlengde gelê het van die algemene filologiese kritiek van die negentiende eeu (<u>Literarkritik</u> en <u>Literaturgeschichte</u>) geleidelik al meer verander het tot bronnekritiek (source-criticism), maar sonder dat die naamsverandering eksplisiet erken is.[17)]

Literêre kritiek het hom steeds meer toegespits op die ontdekking van ander tekste, oneffenhede, hiate en ander tekens wat dui op die saamgestelde aard van die gegewe teks. Die teks het steeds meer gefunksioneer as 'n venster waardeur na die verlede, die wording van die teks, gekyk is, as wat daar werklik met die teks self erns gemaak is. Dit geld in wese ook van die redaksiegeskiedenis. Ofskoon die indruk soms bestaan dat hierdie metode aan 'n bepaalde evangelie as geheel aandag wil gee, is dit tog so dat redaksiegeskiedenis eintlik die spesifieke aksent van die finale redaktor probeer opspoor deur alleen aan die redaksionele wysigings aan die gegewe tradisie deur die redaktor aandag te gee. Waar die bronnekritiek probleme het om byvoorbeeld Markus se bronne op te spoor, is die probleem van die redaksiegeskiedenis nou om Markus se bydrae op die spoor te kom. "Thus the compositional in-

tegrity of Mark is not something the redaction critic begins with. Rather, it is the very thing he is trying to discover. Rightly or wrongly, the redaction critic is less comfortable with the physically integral text we have before us than with the hypothetical sources he has to reconstruct from it".[18)]

Waar die histories-kritiese metode met sy deel-dissiplines dus sy vertrekpunt uit ŉ literêre metode geneem het, het dit uiteindelik resultate bereik wat vir literêr-kritici onaanvaarbaar is. Hierdie insig is in die afgelope jare steeds sterker onder die aandag van teoloë gebring.[19)] So het Roland Frye daarop gewys dat die tipiese werkswyse van bronnekritiek, vormkritiek en redaksiekritiek herinner aan ŉ vroeëre fase van die literêre kritiek: "disintegrating criticism", soos dit onder andere op Shakespeare toegepas is.[20)] In ŉ latere artikel is sy oordeel nog skerper: "And this is what the methodologies in question yield: not sound literary history, but a mass of speculations and conjectures, a labyrinth of pseudo-historical constructs ... they are not recognizable as literary history to one who represents this field in secular scholarship".[21)]

ŉ Pleidooi om weer erns te maak met literêre kritiek in die eintlike sin van die woord impliseer dus ook meer erns te maak met die geheel van die teks voor ons, maar ook met die kunstige wyse waarop taal gebruik word, die rol van beeldspraak, ritme, herhalings, opbou, intrige, perspektief ens.[22)] Dit beteken natuurlik nie dat nou ontken word dat ons sowel in die Ou as die Nuwe Testament met saamgestelde dokumente te doen het nie, maar die bestudering van tekste moet verder gaan as slegs die opspoor van bronne en tradisies en die verklaring van die wording van die teks.[23)]

In die teologie swaai die pendulum dus op ŉ tydstip weg van die genetiese benadering tot tekste na strukturalistiese metodes.[24)] Hierdie reaksie na teksimmanente eksegese en ŉ voorkeur vir ŉ sinchroniese benadering bo ŉ diachroniese, korreleer met tendense in die literatuurwetenskap soos die <u>New Criticism</u> en <u>Werkinterpretation</u>. Literêre besinning het intussen natuurlik nie hierby stilgestaan nie.[25)] Sonder om verder in detail op die strukturalisme in te gaan, is dit van be-

lang om daarop te let dat die sogenaamde struktuuranalise, diskoersanalise, redevoeringsanalise of strukturele eksegese, soos dit in die kringe van die NTWSA beoefen word, bepaalde raakpunte met hierdie sinchrone, teksimmanente benadering vertoon. Net so belangrik is dit natuurlik om op die radikale verskille tussen hierdie metode en die sogenaamde strukturale eksegese te wys.[26)]

Struktuuranalise gee aandag aan teksbinding en - samehang, aan die opbou van die gedagtegang van die teks. "Discourse analysis based upon the use of colons is nothing more than a technique for mapping the form of a text in such a way that the syntectic relationships of the constituent parts can be most readily recognized".[27)] Die uiteindelike samehang van 'n paragraaf berus dus op sintaktiese en semantiese relasies wat deur hierdie analise na vore gebring word. Hoewel dit verkeerd sou wees om te meen dat hierdie metode sou pretendeer om die volledige eksegetiese proses be behels, bestaan daar tog heelwat kritiek teen hierdie werkswyse en die indruk van eksklusiewe teksimmanensie wat soms geskep is.

Die doel van strukturale eksegese is om vas te stel hoe tekste beteken, met ander woorde, watter meganismes 'n teks betekenisvol maak. Hier gaan dit dus nie om die vraag na die ontstaan of die betekenis en boodskap van die teks nie, maar "the systematic study of symbolic or connotative dimensions of the meaning of a text".[28)] Strukturale analises funksioneer veral op 3 vlakke:

a. die manifestasievlak van die teks soos dit voor ons lê;

b. die narratiewe struktuur waar aktante en motifeme identifiseer word, sowel as die drie asse van handeling van die 'plot', en

c. die diskursiewe of tematiese vlak waar betekenis paradiogmaties met behulp van die semiotiese vierkant of seshoek beskryf kan word.[29)]

Hoewel toegegee moet word dat alle beoefenaars van strukturale eksegese

nie ideologies alle strukturalistiese uitgangspunte deel nie, is daar tog 'n sterk tendens om alle historiese vrae eenvoudig te ignoreer, sowel as 'n oordrewe drang na die universele en 'n negering van die kontingente.[30)]

Tog blyk dit dat die pendulum weer terugswaai en wel op 'n wyse wat perspektiewe open vir 'n gebalanseerde aanwending van alle relevante metodes of deel-dissiplines met die oog op 'n sinvolle lees en verstaan van die teks van die Nuwe Testament. Van verskillende kante is reeds daarop gewys - juis ook deur linguiste - dat die struktuur van 'n uitspraak onherroeplik beïnvloed word deur die buite-tekstuele konteks.[31)] Dit is egter van belang om aan literêre kritiek in die volle sin van die woord 'n operasionele prioriteit bo die oorweging van buite-tekstuele faktore toe te ken. Trouens, wanneer die teks werklik sentraal staan, kom genoemde buite-tekstuele faktore juis op grond van die teks self, ter sprake.

Wanneer só op literêre wyse met die teks self begin word, is daar geen aspek van noukeurige literêre analise wat agterweë behoort te bly nie. Sonder om te skei, sou tussen die <u>wat/boodskap</u> en die <u>hoe/boodskap</u> van die teks onderskei kan word,[32)] terwyl daar reeds na die verdere onderskeiding tussen <u>teks</u> en buitetekstuele <u>konteks</u> verwys is. Die middele, die <u>hoe</u> van die teks sluit in retoriese tegnieke, styl en ander tegnieke soos die rol van die verteller, vertellersperspektief, 'plot', ens., wat deur die skrywer selektief hanteer word om sy boodskap in te klee. Dit is op hierdie vlak wat die bydrae van die diskoersanalise of struktuuranalise hoofsaaklik lê. Hier is dan ook meerdere raakpunte met wat soms as "rhetorical criticism" aangedui word, hoewel hierdie benaming eintlik nog meer omvat, naamlik die volle spektrum van literêre kritiek in sinchroniese sin.[33)] Uit hierdie kursoriese vermelding blyk in elk geval dat die struktuur - of diskoersanalise aangevul moet word met aandag vir ander aspekte ook, om aan hierdie faset van die teks ten volle reg te laat geskied.

Bowendien moet nog aan die <u>wat/boodskap</u> van die teks ook aandag gegee word. Hier gaan dit om aangeleenthede soos die gebeure, karakters en

die plasing van 'n verhaal. Ook op hierdie vlak is dit duidelik dat die gangbare strukturele analise met nog heelwat literêr-kritiese arbeid opgevolg moet word. Dit alles beweeg egter nog steeds op 'n teksinterne vlak wat soos reeds aangedui, operasioneel voorkeur verdien. Tog moet daar ook aan die buite-tekstuele konteks en vrae aandag gegee word.

Daar is vandag verskillende teoretiese modelle wat aangedien word as 'n poging om alle relevante faktore tegelyk en op 'n oorsigtelike wyse in kaart te bring. N. Petersen kies R. Jakobson se kommunikasiemodel om die ewolusionêre model van die historiese kritiek te vervang aangesien hy daarvan oortuig is dat dit sodoende moontlik is "to do literary criticism in the historical study of biblical texts without being historicistic".[34) ] Die waarde van hierdie model is dat daar onderskei word tussen ekstrinsieke faktore en intrinsieke funksies. Op hierdie wyse kom daar ruimte, om benewens aan die teksinterne sake ook aan tekseksterne faktore aandag te gee. Tog slaag die model van Hernadi[35)] myns insiens nog beter daarin om die relevante dimensies in 'n model - met alle moontlike gebreke daarvan - daar te stel. Die sinvolle is hier dat twee asse mekaar in hierdie model sny: 'n horisontale as waarop die kommunikasie tussen 'n skrywer en 'n leser deur middel van 'n werk (die teks) voorgestel word, en 'n vertikale mimetiese (representatiewe) as waar die werk (teks) taal en inligting (die voorgestelde wêreld) met mekaar verbind. Weer eens is dit duidelik dat die teks (werk) absoluut sentraal staan as die snypunt van die 2 asse, maar dat in die nadere verfyning van die model daar ten opsigte van beide asse geleentheid (en ook noodsaak) is om aan tekseksterne faktore aandag te gee.

Dit beteken dat die swaai van die pendulum nou 'n punt bereik het waar met reg van 'n multi-dimensionele benadering tot die Nuwe Testament gepraat kan word. Op hierdie wyse kom daar op verantwoorde wyse ruimte vir onder andere die renaissance van die sosiologiese teksanalise,[36)] asook vir die nuwere belangstelling in die pragmatiese dimensies van 'n teks.[37)] In al hierdie oorweginge bly dit van die grootste belang om te onthou dat ook ons eie interpretasie van 'n teks steeds histories be-

paal is. In die Nuwe Hermeneutiek is hierdie insig reeds onderstreep. Tog word hierdie insig weer vandag - in die lig van die neiging tot 'n eksakte, byna natuurwetenskaplike beoefening van die teologie - besonder aktueel. Tereg beklemtoon Deist dan dat die teologie 'n nederiger posisie sal moet inneem - juis omdat daar nog so veel te doen is.[38)]

Dit lyk dus tog of die swaai van die pendulum nie maar net 'n teken is van die verbygaan vandie tyd nie, maar dat daar tog ook vooruitgang gemaak word in die besinning oor die interpretasie van die Skrif - al pas dit ons om hieroor as kinders van ons tyd heel beskeie te oordeel.

NOTAS

1. A.B. du Toit, "Strukturale teksanalise en die Suid-Afrikaanse redevoeringsanalise - enkele opmerkings aan die hand van Van Iersel se analise van die Emmausverhaal", Skrif en Kerk 2(1, 1981) 3-14; A.H. van Zyl, "Eksegese! In die maalstroom?", a.w., 43-50. Vgl. net enkele ander titels: J.C. Coetzee, B.J. de Klerk en L. Floor, "Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke", In die Skriflig vol. 14(54, 1980) 12-26; H.W. Rossouw, "Hoe moet 'n mens die Bybel lees? Die hermeneutiese probleem", Scriptura 1(1980) 7-28; J.A. Loader, "Gedagtes oor gekontroleerde eksegese", HTS 34(1978) 1-11; B.C. Lategan, "Inleiding tot die uitlegging van het Nieuwe Testament", in A.F.J. Klijn (red.), Inleiding tot de studie van het Nieuwe Testament, Kampen 1982, 47-70; W.S. Vorster, "De structuuranalyse", in Klijn, a.w., 127-152; P.A. Verhoef, Metodiek van die Eksegese, Kaapstad 1981.

2. Vgl. F.E. Deist, "Ope vrae aan die diskoersanalise", NGTT vol. 19 (4, 1978) 260-271; W.S. Vorster, "Die tekssoort Evangelie en verwysing", ThEv 13(2/3, 1980) 27-48; F.E. Deist, "Tekssoort Evangelie: 'n weerwoord", ThEv 13(2/3, 1980) 49-51; vgl. ook die tema van Studiebrief 1 (1980) van UOVS onder redaksie van S.J. Riekert, "Ope vrae aan die diskoersanalise en aan Deist".

3. Vgl. W.S. Prinsloo, "Die metodiek van Eksegese: 'n diskussie", *NGTT* 20(3, 1979) 201-210, wat ook verwys na die verskeidenheid van opvattinge wat deur oorsese geleerdes gehuldig word.

4. F. Hahn, "Probleme historischer Kritik", *ZNW* 63(1972) 1-17; L.E. Keck, "Will the historical-critical method survive?" in R.A. Spencer (ed.), *Orientation by disorientation: studies in literary criticism and biblical criticism* (Presented in honor of William A. Beardslee), Pittsburgh 1980, 115-127.

5. Vgl. J.H. Friedrich en P. Welten, "Exegese im Spannungsfeld von Studium und Praxis. Tübinger Modell eines alt - und neutestamentlichen Proseminars", *EvTh* 39(1979) 303v.

6. R. Bohren, "Zu den Kommentaren von Ulrich Wilckens und Eduard Schweizer", *Referat* an der 12. Tagung des Herausgeberung Mitarbeiterkreises "Evangelisch-Katholischer Kommentar zum Neuen Testament" am 25. März 1979 in Zürich, 19.

7. London 1976.

8. E. Earle Ellis, "Dating the New Testament", *NTS* 26(1980) 487-502. Vgl. ook J.H. Roberts, "'n Nuwe benadering tot diedatering en betroubaarheid van die Nuwe Testament", *ThEv* 10(2/3, 1977) 11-26.

9. Vgl. H.J.B. Combrink, "Die sinoptiese vraagstuk", in A.B. du Toit (red.), *Handleiding by die Nuwe Testament IV*, Pretoria 1980, 53-57.

10. Vgl. R. Schippers, *Gelijkenissen van Jezus*, Kampen 1962, 184vv.

11. J. Lambrecht, *Terwijl Hij tot ons sprak*. *Parabels van Jezus*. Tielt 1977, 22v.

12. G.B. Caird, *The language and imagery of the Bible*, London 1980, 160vv; W. Harnisch, "Die Metapher als heuristisches Prinzip. Neuerscheinungen zur Hermeneutik der Gleichnisreden Jesu", *VF* 24(1979) 53-89; H. Weder, *Die Gleichnisse Jesu als Metaphern. Traditions - und redaktionsgeschichtliche Analysen und Interpretationen*, Göttingen 1978.

13. Caird, a.w., 165.

14. Vgl. B.C. Lategan, "Inleiding tot de uitlegging", a.w., 61vv.

15. Vgl. H.W. Rossouw, "Die nuwe teologiese hermeneutiek", in E.J. Smit e.a. (red.), Reformasie en Revolusie, Potchefstroom 1974, 62v.

16. N.R. Petersen, Literary criticism for New Testament critics, Philadelphia 1978, 11vv.

17. N.R. Petersen, "Literary criticism in biblical studies", in R.A. Spencer (ed.), Orientation, 27.

18. N.R. Petersen, Literary criticism for New Testament critics, 19. Vgl. ook W.S. Vorster, "'Formgeschichte' en 'Redaktionsgeschichte'", in A.F.J. Klijn, Inleiding, 107v.

19. Vgl. J.I. Jensen, "Literaturkritische Herausforderungen an die Theologie. Biblische Formprobleme", EvTh 41(5, 1981) 337-401; H.W. Frei, The eclipse of biblical narrative. A study in eighteenth and nineteenth century hermeneutics, New Haven and London 1974.

20. Roland M. Frye, "A Literary perspective for the criticism of the gospels", in D.G. Miller and D.Y. Hadidian (ed.), Jesus and Man's hope II. A perspective book, Pittsburgh 1971, 213v. Vgl ook R.M. Frye, "On the historical-critical method in New Testament studies: a reply to professor Achtemeier", Perspective 14(1973) 28-33.

21. Roland M. Frye, "Literary criticism and gospel criticism", ThTo 36 (1979) 218.

22. W.A. Beardslee, Literary criticism of the New Testament, Philadelphia 1970, 13; Robert Alter, "A literary approach to the Bible", Commentary 60(1975) 70; Id., The art of biblical narrative, New York 1981, 12v.

23. Vgl. Alter, The art, 131.

24. B.C. Lategan, "Directions in contemporary exegesis. Between historicism and structuralism", JTSA 25(Desember 1978) 18-30.

25. R. Detweiler, "After the new criticism: contemporary methods of literary interpretation", in R.A. Spencer (ed.), Orientation, 3-23.

26. Vgl. W.S. Vorster, "De structuuranalyse", in A.F.J. Klijn (red.), Inleiding, 139; A.B. du Toit, a.a., vgl. nota 1.

27. J.P. Louw, Semantics of New Testament Greek, Philadelphia 1982, 95v.

28. D. and A. Patte, Structural exegesis: from theory to practice, Philadelphia 1978, 4.

29. Vgl. W.S. Vorster, "De structuuranalyse", 142-151.

30. Vgl. A.C. Thiselton, "Structuralism and biblical studies: method or ideology?", ExpT 89(1978) 334.

31. R.M. Polzin, "Literary and historical criticism of the Bible: a crisis in scholarship", in R.A. Spencer, Orientation, 101.

32. Vgl. S. Chatman, Story and discourse. Narrative structure in fiction and film, Ithaca 1980, 22v, 267; D. Rhoads, "Narrative criticism and the Gospel of Mark", JAAR 50(1982) 411-434.

33. M. Kessler, "A methodological setting for rhetorical criticism", in D.J.A. Clines et al, (red.), Art and meaning: rhetoric in biblical narrative, Sheffield 1982, 14.

34. N.R. Petersen, Literary criticism for New Testament critics, 32

35. P. Hernadi, "Literary theory: a compass for critics", Critical Inquiry 3(1976) 369-368. Vgl. U. Grosse, "Was ist Semiotik (Teil 1). Eine Exemplifizierung am Novellenwerk Maupassants", LingBibl 52 (Dez. 1982) 100, vir 'n interessante model wat ook spesifiek die kommunikasie deur middel van skriftelike tekste op die oog het.

36. P.G.R. de Villiers, "Renaissance van die sosiologiese teksanalise", ThEv 15(3, 1982) 19-32; vgl. ook C.T. Davis, "A multi dimensional criticism of the Gospels", in R.A. Spencer, Orientation, 87-98.

37. Vgl. H. Frankemölle, "Kommunikatives Handeln in Gleichnissen Jesu. Historische-kritische und pragmatische Exegese. Eine kritische Sichtung", NTS 28(1, 1982) 61-90. Vgl. ook M. de Jong, "Die blootgestelde leser: Wolfgang Iser se model van die interaksie tussen teks en leser I", Standpunte 36(2, 1983) 47-64.

38. Vgl. F.E. Deist, "Bybelinterpretasie en ideologiekritiek. 'n Hermeneutiese oefening", ThEv 15(2, 1982) 11v.